**Ons EERSTE hamburgerbraai na die winter**

# H A M B U R G E R B R A A I

**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**



**VRYDAGMIDDAG**

**28 AUGUSTUS**



**Ons kuier gesellig saam vanaf 17:00 by die saal. Vir 'n bestelling bel Pieter 082 923 1384 of by die kerkkantoor ☎ 018 294 4600**

**R 35 per hamburger. Worsbroodjies R 35**

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.** 680 280 002 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: (FNB) Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723.

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta. *(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*




# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 42, nr 25 Sondag 9 Augustus 2026

***Redakteur:* Rudy van der Spoel 082 864 4422**

rudynell@jenny.co.za



**Eredienste:** 09:30 en 17:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Janru Smit — **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384 E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za


**Diensbeurte by eredienste en kategese:**
**Ouderlinge:** Wyk 3 **Rynhardt Landman** en Wyk 4 **Flip Mostert**
**Diakens:** Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en 4 **Banie Nortjé**
**Teebeurt:** Wyke 10, 11 en 12 **Wymie du Plessis**

## EREDIENSTE Albei dienste gelei deur ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 17:00 Eredienste ook per whatsapp**

### OGGEND

Brs. Nelis Coetsee en Gert van Blerk word vanoggend in die diens van ouderling bevestig. Ons bid hulle ryke seën op hulle dienswerk in ons Here se kerk toe.

**Woordbediening:** 2 Timoteus 3:10-4:8.
**Fokusvers:** 2 Timoteus 3:2
**TEMA:** *Rentmeesters van die evangelie verkondig dit deur met geduld onderrig te gee in die verwagting op Christus se terugkoms.*
**Sing:** Psalm 97:1, 7; Psalm 19:1, 4; Psalm 32:1, 5; Psalm 119:39, 40; Skrifberyming 15-1[75]:2; Psalm 34:1, 2, 6.
**Sing met meelewing:** Psalm 20:1, 2.

### EREDIENS om 17:00

**Woordbediening:** 1 Konings 17 & 1 Konings 19 (grepe)
**Fokusvers:** 1 Konings 17:2-4; 1 Konings 19:3, 15.
**Kerkorde:** Kerkorde, artikel 14.
**TEMA:** *Tydelike onderbreking van die lewenslange roeping om in diens van die Woord te staan.*

**Sing:** Psalm 91:1, 7, 8; Psalm 93:1, 2, 3, 4; Skrifberyming 3-3 [64]:1, 2, 4; Skrifberyming 19-3 [25]:1, 2, 3, 4 (na die Wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die **Teologiese Studente Hulpfonds.**
**MIDDAG:** Diens van Barmhartigheid (BLOU) en Kerkkas (Rooi)
**Volgende week:** GKSA Sustentasiefonds

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL** Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**VOORBIDDING** Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:
**Lourens du Plessis** is die afgelope week in Medikliniek opgeneem nadat hy hoë infeksietellings gehad het.
**André Joubert** moet oor 'n week die suurstof wat hy ontvang, verminder.
**Flip Mostert** ontvang nog elke weeksdag bestraling en chemoterapie in Klerksdorp.
**Prof. Callie Coetzee** ontvang nog chemoterapie en sr. Susan Coetzee ondergaan Vrydag weer 'n buisruilingsprosedure.
**Ronel Erasmus** het Maandag 'n geseënde besoek by die chirurg gehad en ons is saam met haar en br. Danie dankbaar vir die goeie herstel wat sy na 'n uiters groot operasie gehad het.
**Marinda Snyman** is sedert Maandag in Wilmedpark Hospitaal waar sy onder andere deur 'n neurloog en kardioloog ondersoek word. Daar word aanpassings aan haar medikasie aangebring en verdere toetse word nog gedoen.

Ons volhard in ons voorbidding vir ons broers en susters wat in die onderskeie versorgings-eenhede versorg word:

***Huis Eikelaan:*** Srs. Mien Prinsloo, Emmerentia Stoop, Johanna van Vuuren, Ria Serfontein, Hermien van der Spoel, Willie van der Walt.

***Ons Hulde:*** Sr. Rita Schutte.

***Groenwilgers:*** Sr. Annatjie Kruger.

***Huis Anna Viljoen:*** Brs. Peet Buys en Fanie Coetzee, srs. Nanna du Plessis, Jeanette Fourie, Ronnie van Tonder, Tienie Venter en Marinda Snyman.

*Daar is ook 'n aantal van ons broers en susters wat in die **dorp, die toringblok en simplekse van Huis Eikelaan** woon wat vanweë gesondheid en verswakking nie die eredienste kan bywoon nie:* sr. Ria Esterhuizen, sr. Cathrien de Jager, sr. Estie Duvenage, sr. Anna Havenga, sr. Suzie Marais, sr. Lettie Vorster, sr. Anneke Markgraaf, br. Bennie en sr. Wouna vd Berg, br. Jan Kroeze, br. Lappies en sr. Henna Labuschagne, sr. Lalie Venter, br. Jan-Carl Venter, br. Jan de Vos, sr. Elsa Knop en br. Maarten en sr. Petro v d Walt.

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKING**
Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

**WAT VAN 'N KOPPIE WARM TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?:**



Die Susters van wyke 10, 11 & 12 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet.



# ALGEMENE AFKONDIGINGS

**SIEKVERLOF: PROF. CALLIE COETZEE**
Die kerkraad het Sondag 19 Julie prof. Callie Coetzee se siekverlof verleng tot aan die einde van Augustus. Ons verseker prof. Callie, wat tans chemoterapie ontvang, van ons volgehoue voorbidding vir hom. Ons doen ook voorbidding vir Susan Coetzee wie se gesondheid onder druk verkeer.

**BYBELSTUDIE:** U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel:

- Die Bybelstudiegroep van Donderdagoggende kom weer om 10:30 bymekaar in die Ou Kerkie. Ons sit die studie uit 2 Korintiërs voort.
- Die Bybelstudie op Woensdagaande hervat weer en ons bestudeer Woensdagaand studie 3 in die boekie van prof. Jorrie Jordaan, Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament.
- Die Bybelstudie by Huis Eikelaan staan oor tot verdere kennisgewing.

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Di | 11/08 | 09:15 | Opening TSP | TSP |
| | | 11:00 | Predikantebyeenkoms | GK Potch-Bult |
| | | | Telkommissie | Konsistorie |
| Wo | 12/08 | 18:00 | Bybelstudie (Romeine, studie 3) | Ou Kerkie |
| Do | 13/08 | 10:30 | Bybelstudie (2 Korintiërs 5) | Ou Kerkie |
| Sa | 15/08 | 09:00 | ***GEMEENTE-AKSIE*** | Lekwena Wildlife Estate |
| So | 16/08 | 18:00 | Diakonievergadering | Konsistorie |
| So | 23/08 | 18:00 | Kerkraad en Diakonie | Ou Kerkie |
| So | 30/08 | 09:30 | **Nagmaal en gemeente-ete** | Kerkterrein |

| KATKISASIE | Sondag 16 Augustus |
|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 18 |
| **Laerskoolkatkisasie** | |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | Ester 4<br>Psalm 66: 7<br>Sondag 44 5a<br>Matteus 5: 4 |

# VAN ONS SUSTERS

**SAAMSTAP**




Die sustersbestuur het besluit om sommer die byeenkoms van die Jeug en die susters saam te gooi en die res van die gemeente ook te nooi om saam met ons te kom kuier by **Lekwena op Saterdag 15 Augustus om 9uur.** Die wat die staproete wil aanpak is baie welkom, die wat nie kans sien nie, kan vir ons die vuur maak sodat ons iets kan braai as ons moeg gestap is. Dit kan 'n heerlike gemeentekuier wees en ons wil graag almal daar sien. Vervoer daarheen kan gereël word. Onthou asb om so gou as moontlik, nie later as Donderdag 13 Augustus plek te reserveer by *Marli Nortje 079 166 9720.*

**PANNEKOEK**

Ons susters het weer heerlik saam pannekoek gebak en geklets en gekuier!

Baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het, op watter wyse ookal!

Ons het so 150l deeg kafgedraf en die mooi bedrag van R11 275 wins gemaak.

Anita, baie dankie vir jou voorvat! Jy doen dit al in jou slaap!

**NAGMAALETE**

Na ons Nagmaalviering DV op 30 Augustus, wil ons weer graag as gemeente saam eet.

Elke lidmaat word hartlik uitgenooi na hierdie geleentheid.

Groep 3, wyke 2,3,4 en 6 is verantwoordelik vir die ete en ons sê by voorbaat dankie daarvoor.

## VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| So | 09/08 | **Marthie van der Berg** |
| | | **Hanro van Dyk (11)** |
| Ma | 10/08 | **JD Schutte** |
| Di | 11/08 | **Pieter Bouwsema** |
| | | **Reinette Coetzee** |
| Wo | 12/08 | **Deon du Plessis** |
| Do | 13/08 | **Erna Venter** |

**Bede met meelewing:** Psalm 20:1, 2.

---

**Ondergronds, onder druk, maar groeiend**

*Wanneer jy 'n ondergrondse kerklike netwerk in China lei, is daar oral gevaar.*

Vervolging was nog nooit ver van Ling*, 'n Christen in Suidwes-China, af nie. Jou ondersteuning hou haar egter aan die gang. Die vervolging het dadelik begin nadat sy en haar man, Song*, tot geloof in Jesus gekom het. Hulle het na hul familie teruggekeer, gretig om die Evangelie te deel. Maar toe Ling geweier het om aan die verering van hul voorouers deel te neem, het dinge lelik geword.

"Daar was geweldige druk op my," onthou Ling. "My swaer het beledigings na my geslinger en gedreig om my aan te rand."

Selfs nadat Ling en Song se familie tot die Christendom bekeer het, het die vervolging voortgeduur. Die breër gemeenskap was geskok, kwaad en het verraai gevoel, en het Ling se familie met skinderpraatjies en verwerping geteiken. Meer onlangs het die owerhede hulle vervolg. Ling is seker dat sy dopgehou word en haar selfoon gemonitor word. Hierdie geheime monitering vervul haar met vrees.

Ondanks alles het Ling egter haar hoop in Christus vrymoedig gedeel. En jou ondersteuning het hierdie getroue vrou versterk en tot 'n moedige leier in China se ondergrondse Kerk laat ontwikkel.

***Beskerm en versterk***

Vandag bestuur Ling 'n netwerk van geheime gemeenskapsgroepe. Dit het klein begin – geheime byeenkomste in nederige huise, gelowiges wat vurig lofprysing doen en bid. Maar dit het gegroei … Mense het ure lank begin loop om by 'n groep aan te sluit. Die getalle het toegeneem. Ling se man, Song, het ook die leiding begin neem, en die egpaar het by 'n plaaslike sendingspan aangesluit, wat toegewy daaraan is om die Evangelie met etniese minderheidsgroepe te deel. Danksy jou geskenke en gebede, het Ling onlangs Geopende Deure se dissipelskap-opleiding bygewoon. Sy het dit onopvallend bygewoon om ondersoeke te vermy en het baat gevind by die samesyn met ander leiers uit die ondergrondse Kerk terwyl hulle stories gedeel, mekaar bemoedig en in geloof gegroei het.

Matian*, ons vennoot wat die geleentheid gefasiliteer het, het gesê: "Die vyand rus nie, en die geestelike stryd word al meer intens. Die toewyding van diegene wat na ons dissipelskapopleiding gekom het, het my diep ontroer."

Jou ondersteuning stel ons vennote ook in staat om Ling te besoek en praktiese hulp, vertroosting, gebed en hernude hoop aan haar te bied. Dit is 'n risiko, maar noodsaaklik. Verskeie opleidingsgeleenthede moes gekanselleer word nadat die owerhede Christene aangehou het – dus is dit nou selfs belangriker as tevore om na geïsoleerde gelowiges te reis om hulle te ontmoet.

"Dit is roerend om die vrugte van ons mense-tot-mense-bediening te sien," het Matian bygevoeg. "God gebruik Geopende Deure om gelowiges soos Ling in die dorp by te staan. Jou ondersteuning het gelowiges se begrip van God se Woord verdiep, hulle geloof te midde van vervolging versterk en hulle gehelp om te weet dat hulle nie alleen is nie."

*Geopende Deure-vennote werk danksy jou geskenke en gebede saam met gelowiges soos Ling om Christene te versterk wat woon waar geloof die meeste kos*.

---